# MIRANO 50 WG


BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY
MIRANO 50 WG
FUNGICIDE
Reg. No. L8845, Act/Wet No. 36 of/van 1947
1: 25/01/2012
A water dispersable granule fungicide for the control of disease on crops as listed.
'n Waterdispergeerbare korrel swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos aangedui.
FRAC FUNGICIDE GROUP CODE
9
FRAC SWAMDODERGROEPKODE
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL
Cyprodinil (anilinopyrimidine)
500 g/kg
Siprodinil (analienopirimidien)
Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. 2000/010819/07
P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid- Afrika
10kg
UN Number: 3077
Meridian agritech
CAUTION / VERSIGTIG
DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED
Batch Number
Date of manufacture
REFER TO DETAILS AS PRINTED ON CONTAINER / BAG
GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT
Lotnommer
Datum van vervaardiging
VERWYS NA BESONDERHEDE SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

**WARNINGS**

**Allow the following number of days between last treatment and harvest, or use as food or feed:**

Apples and Pears…………………………………………………………………………….74 days

**IMPORTANT**: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements. Consult the relevant importing or exporting body regarding the use of this product, Maximum Residue Levels and recommended withholding periods if the crop to be treated is intended for export.

- Harmful if swallowed.
- Toxic to fish and aquatic organisms.
- Store in a cool, dry place.
- Store away from food, feed, fertilizer and seed.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry** – Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **MIRANO 50WG** has been tested on some of the most important commercial cultivars without any phytotoxic effects. More susceptible cultivars may be released in the future, which need to be tested; for this apply **MIRANO 50WG** to a limited test area before commercial applications are made.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore, does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned, due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

**PRECAUTIONS**

- Do not inhale dust, fumes or spray mist.
- Avoid skin and eye contact by wearing protective clothing when mixing the product. Should eye contact occur, flush with plenty of water and get medical attention if necessary.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact.
- Wash contaminated clothing after use.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product, or before washing hands and face.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.
- Destroy the empty container and do not use the empty container for any other purpose.

**RESISTANCE WARNING**

For resistance management, **MIRANO 50WG** is a group code 9 fungicide. Any fungi population may contain individuals naturally resistant to **MIRANO 50WG** and other group code 9 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the disease population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **MIRANO 50WG** or any other group code 9 fungicide.

**To delay fungicide resistance:**

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes.
- A spray programme of mixtures or alternations with remedies with a different mode of action may delay resistant strain build-up.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **MIRANO 50WG** as recommended, a resistant strain may be present. If a resistant strain is positively identified, consideration should be given to prompt use of a fungicide with a different mode of action for which there is no record of resistance to the relevant disease. Concentrate the use of **MIRANO 50WG** to the period where it is most effective, eg. early season with cooler temperatures. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd will not accept any liability for performance failures in the event of a build-up of disease resistance resulting from inadequate resistance management practices as indicated on the label. For specific information on resistance management, contact the registration holder of this product or visit the FRAC website http://www.frac.info/frac/index.html.

**USE RESTRICTIONS**

- **MIRANO 50WG** must not be applied to any crop suffering from stress as a result of drought, water logging, low temperature, insect attack, nutrient or lime deficiency or other factors reducing crop growth.
- Spray programmes with **MIRANO 50WG** should commence before disease/s become established.
- Do not apply **MIRANO 50WG** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.
- Only apply **MIRANO 50WG** using an accurate and safe application technique.
- If **MIRANO 50WG** is used in a tank mix with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.

**DIRECTIONS FOR USE**
**Use only as directed.**

**MIXING INSTRUCTIONS**

Mix the required quantity of **MIRANO 50WG** with a small volume of water into a slurry. Half-fill the spray tank with suitable water, then add the premix to the water in the tank while agitating. Fill the spray tank to the desired volume. Should tank mixtures with other products be made, follow the respective manufacturers' label recommendations. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank**. Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

**COMPATIBILITY**

The compatibility of **MIRANO 50WG** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Do not use in combination with mancozeb for the curative control of apple scab.

## APPLICATION METHODS

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application. **MIRANO 50WG** can be applied with conventional high volume spray equipment. **Constant agitation throughout the spray operation is essential**. Only clean water should be used. If rain occurs within two hours after treatment, the product performance may be affected and the application must be repeated.

## RECOMMENDATIONS

| CROP/DISEASE | APPLICATION RATE/HA | REMARKS |
| --- | --- | --- |
| **Apples and Pears**<br><br>Scab<br>(*Venturia inaequalis*)<br><br>Powdery mildew<br>(*Podosphaera leucotricha*) | 30 g / 100 ℓ water | **Preventative:** Apply from green tip stage and repeat at 7 day intervals to the end of blossom. Do not apply after blossom. |

## REMARKS

- **MIRANO 50WG** should be applied as the first component in a preventative spray programme. Alternative products such as mancozeb or **Captan 800WG**. Systemic products such as **Validus 200EW**, **Flustar 200WG** and **Ventak 100WG** may be applied together with a suitable contact fungicide after an infection period as indicated on the respective labels.
- **MIRANO 50WG** has curative properties against apple scab provided the applications are made within 72 hours after the onset of infection.

**WAARSKUWINGS**

**Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste toediening en oes of vir gebruik as voedsel of voer:**

Appels en Pere ........................................................................................ 74 dae

**BELANGRIK**: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes vir plaaslike residuvlakke, maar mag dalk nie aan die vereistes vir uitvoer voldoen nie. Indien die behandelde gewas vir die buiteland bestem is, moet die relevante invoer- of uitvoerinstansie genader word rakende die gebruik van die produk, die maksimum residue vlakke en die aanbevole onthoudingsperiode.

- Skadelik indien ingesluk word.
- Giftig vir visse en waterorganismes.
- Bêre in 'n koel, droë plek.
- Bêre weg van voedsel, voer, kunsmis en saad.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding** - Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **MIRANO 50WG** is sonder enige fitotoksiteitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer vatbare kultivars mag in die toekoms vrygestel word wat eers getoets moet word; hiervoor moet **MIRANO 50WG** eers op ‘n klein toetsoppervlakte aangewend word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ’n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir ’n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

**VOORSORGMAATREËLS**

- Moet nie stof, dampe of spuitnewel inasem nie.
- Vermy vel- en oogkontak deur beskermende oorklere te dra wanneer die produk gemeng word. Indien oogkontak plaasvind, spoel met baie water en kry mediese aandag indien nodig.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige velkontak, so ook besoedelde klere.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermy wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas wat nie onder behandeling is nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Raak ontslae van spoelwater waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vernietig die leë houer en moet nie vir enige ander doel gebruik nie.

## WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **MIRANO 50WG** 'n groepkode 9 swamdoder. Enige swampopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen die **MIRANO 50WG** en ander groepkode 9 swamdoders het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die swampopulasie oorheers indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word.
Hierdie weerstandbiedende swamme mag nie deur **MIRANO 50WG** of enige ander groepkode 9 swamdoder beheer word nie.

**Om weerstand teen swamdoders te vertraag:**

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders in dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende swamdodergroepkodes.
- 'n Spuitprogram of tenkmengsels met middels met 'n ander metode van werking kan die opbou van weerstandbiedendendheid vertraag.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in siektebeheerprogramme.

Aangesien die voorkoms van weerstand nie voorspel kan word nie, word gebruikers aangeraai om behandelde gewasse noukeurige dop te hou. Indien die behandeling met **MIRANO 50WG** soos aanbeveel nie doeltreffend was nie, mag 'n weerstandbiedende-populasie teenwoordig wees. Indien 'n weerstandbiedende-populasie positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik oorweging geskenk word aan die gebruik van 'n swamdoder met 'n ander metode van werking, waarvan daar geen rekord van weerstand teen die betrokke siektes is nie. Die gebruik van **MIRANO 50WG** moet toegespits word in die periode wanneer dit die mees doeltreffenste sal wees, bv. vroeg in die seisoen met koeler temperature. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. sal nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige gebrek aan prestasie in die geval van die opbou van weerstandbiedende siektes as gevolg van onvoldoende weerstandsbestuurspraktyke soos aangedui op die etiket nie. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, moet die registrasiehouer van die produk gekontak word of raadpleeg die FRAC webblad http://www.frac.info/frac/index.html.

## GEBRUIKSBEPERKINGS

- **MIRANO 50WG** moet nie toegedien word op gewasse onder stremmingstoestande as gevolg van droogte, versuiptoestande, lae temperature, insekskade, voedings- of kalktekorte of ander faktore wat groei sal beïnvloed nie.
- Spuitprogramme met **MIRANO 50WG** moet begin voordat die siekte(s) posvat.
- Moet nie **MIRANO 50WG** op enige gewas of situasie toedien wat nie op hierdie etiket verskyn nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.
- Dien **MIRANO 50WG** slegs met akkurate en veilige toedieningsmetodes toe.
- Indien **MIRANO 50WG** in 'n tenkmengsel met ander aanbevole produkte gebruik word, moet oorweging geskenk word aan die beperkings van daardie onderskeie produkte.

## GEBRUIKSAANWYSINGS

**Gebruik slegs soos aangedui.**

**MENGINSTRUKSIES**

Meng die benodigde hoeveelheid **MIRANO 50WG** met 'n klein hoeveelheid water tot 'n stywe pap. Maak die spuittenk halfvol met geskikte water en voeg dan die mengsel by die tenk terwyl geroer word. Vul die spuittenk tot die verlangde volume. Indien tenkmengsels met ander produkte gemaak word, moet die etiketaanbevelings van die onderskeie vervaardigers gevolg word. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie**. Spuittoerusting moet deeglik aan die einde van die toediening uitgespoel word.

**VERENIGBAARHEID**

Die verenigbaarheid van die **MIRANO 50WG** met ander produkte hang van die formulerings van die onderskeie produkte af, asook van die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Aangesien formulerings van tyd tot tyd kan verander word dit aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen alvorens 'n tenkmengsel gemaak word. Moet nie in kombinasie met mankoseb vir die genesende beheer van appelskurfsiekte gebruik nie.

**TOEDIENINGSMETODES**

Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gereeld nagegaan word tydens toediening om egalige en akkurate toediening te verseker. **MIRANO 50WG** kan met konvensionele hoë-volume spuitapparate toegedien word. **Konstante roering regdeur die spuitoperasie is noodsaaklik**. Gebruik slegs skoon water. Indien dit binne twee ure na toediening reën, kan dit die prestasie van die produk beïnvloed en sal die bespuiting herhaal moet word.

**AANBEVELINGS**

| GEWAS & SIEKTE | DOSIS/ha | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **Appels and Pere**<br><br>Skurfsiekte (*Venturia inaequalis*)<br><br>Poeieragtige skimmel/meeldou (*Podosphaera leucotricha*) | 30 g/100 ℓ water | **Voorkomend**: Dien toe van die groenpuntstadium af en herhaal met 7 dae tussenposes tot aan die einde van blom. Moet nie na blom toedien nie. |

**OPMERKINGS**

- Dien **MIRANO 50 WG** as die eerste komponent in 'n voorkomende spuitprogram toe. Alternatiewe produkte is mankoseb of **Captan 800WG**. Sistemiese produkte soos **Validus 200EW**, **Flustar 200WG** en **Ventak 100WG** kan saam met 'n geskikte kontakswamdoder na 'n infeksie-periode, soos aangedui op die onderskeie etikette, gebruik word.
- **MIRANO 50WG** het genesende eienskappe teen appelskurfsiekte indien bespuitings binne 72 uur na die aanvang van infeksie gedoen word.